NUUSBRIEF NR 2/2015

DIE PAD VORENTOE

Van Die President:

Geagte Lede

Die bewese dominante rol wat Brahmane die afgelope 60-jaar in Suidelike Afrika in die Stoet- en Kommersiële bedryf gespeel het, het ‘n bepalende impak van waarde-toevoeging deur middel van kruisteëlprogramme, die ontwikkeling van sintetiese rasse en die bevordering van uitstaande eienskappe soos langslewendheid tot gevolg gehad en die Brahman vroulike dier as voorkeur moederlyn in die rooivleis bedryf bevestig.

Die Raad se toekomsvisie, wat ons in staat sal stel om voort te bou op die suksesse van die verlede, is die afgelope twee maande by ‘n aantal streeksvergaderings aan Telers in die bedryf bekend gestel. Dit is ‘n groot voorreg om te kan bevestig dat oorweldigende steun tydens hierdie inligtingsessies van die bedryf verkry is en aan ons nou die moed gee om met die implementering van relevante aksies voort te gaan.

Bemarking en Promosie

Die Braham Beestelersgenootskap van SA is tans besig om in oorleg met handels- en diensverskaffers, wetenskaplikes van die LNR, Universiteit van die Vrystaat en Nasionale Landbou media ‘n dinamiese bemarkingplan saam te stel wat Brahmane ongetwyfeld as die voorkeurras in die stoet- en kommersiële bedryf in Suidelike Afrika sal onderskei.

Die bemarkingsplan is ‘n 4-jaar projek, vanaf 1 June 2015 tot Desember 2018 en sluit onder andere die volgende aksies in:

- ‘n Omvattende marknavorsingsprogram wat stoettelers, kommersiële boere, voerkrale en diensverskaffers betrek.
- Die dienste van na-graadse studente in Dierewetenskap sal in samewerking met die Universiteit van die Vrystaat behulpsaam wees met die koördinering van die projek wat ook hulle praktiese ondervinding en loopbaan ontwikkeling sal bevorder.

Brahman Cattle Breeders’ Society of SA
Tel: 051 446 4619 | Fax: 051 446 3148 | E-mail: info@brahman.co.za | Website: www.brahman.co.za

- Inligting wat deur die opnames verkry word, sal deur die studente en die Brahman Administrasie verwerk word. Die Universiteit van die Vrystaat sal die data analiseer en interpreteer en ‘n finale navosingsverslag saamstel.

- Die ontwikkeling en implementering van ‘n strategie vir ‘n handelsmerk-identiteit en promosieplan (branding). Hierdie strategie sal ‘n ekslusiewe “**brand**” insluit wat ‘n Brahman bul wat aan die keuringsvereistes en rasstandaarde voldoen, sal onderskei.

- Die identifisering van ‘n minimum van 6 wetenskaplik bewese eienskappe wat die Brahman as voorkeurras in die eienskappe sal onderskei met duidelike finansiële voorkeur riglyne.

- Die ontwikkeling en implementering van ‘n media plan wat die volgende sal insluit:

    - Die periodieke publikasie en verspreiding van 7 bylaes in Landbou Weekblad, Farmer’s Weekly, Veeplaas, by boeredae en ander relevante byeenkomste. Die eerste bylaag sal algemene inligting bevat en sal reeds teen die einde van Augustus 2015 beskikbaar wees. Opvolg bylaes sal fokus op een van die geselekteerde 6 eienskappe en sal jaarliks tydens die Nampo week en einde Augustus gepubliseer word. ‘n Glans koffietafel uitgawe wat al 7 gepubliseerde bylaes vervat, sal na afloop van die projek saamgestel word.

    - Die uitgawe van 2 Brahman Joernale wat jaarliks gedurende Maart en November aan Telers en geselekteerde instansies versprei sal word.

        - **U sal binnekort in kennis gestel word van die advertensie geleenthede vir u stoet in bogenoemde publikasies.**

- Die Brahman Genootskap sal jaarliks die volgende aanbied:

    - “BRAHMAN EXPO” gedurende September by die Afri-Dome in Parys. Die program sal die volgende insluit:
        - Halter- en nie-haltermak skou, Presidents Dinee en Nasionale Veiling. (**Slegs die beste diere sal vir die veiling aanvaar word. Kontak Sytze vroegtydig vir keuring van die diere op u plaas).**
        - Die 2015 Brahman Expo sal van 22 – 26 September plaasvind.

    - Die Brahman Skou aan die einde van Augustus in Pretoria. Die 2015 datum is van 26-28 Augustus.

- Boeredae en opleidingseminare in samewerking met die konsortium diensverskaffers. Die programinhoud sal vooraf in oorleg met deelnemers bepaal word.

- Die Raad het ‘n afvaardiging na buurlande goedgekeur om geleenthede en verwante protokol te verken. ‘n Besoek aan Zimbabwe en Zambia word vir Oktober vanjaar beplan.

Rasverbetering

Toekomstige mark- en wetenskaplike vereistes van die rooivleisbedryf sal vereis dat die “Brahman” produk wat ons aanbied aanpasbaar by die mark moet wees en bo-gemiddeld daarteen presteer. Dit sal vereis dat ons as Telers die snel veranderende markvereistes en wetenskap tot ons beskikking optimaal moet benut.

Die volgende stappe word tans gevolg en ons versoek u vriendelik om deel te neem en ook uself te bemagtig met die nodige kennis vir deelname.

- Kuddegraderingstelsel – “Completeness of Performance” :

  ‘n Deurlopende projek wat u die geleentheid bied om gedeeltelik of ten volle deel te neem aan prestasietoetsing. Die basiese vereiste is volledige registrasie en data aantekening. Daarna 200 dae- en volwasse koeigewig, gevolg deur volledige deelname wat kwalifiseer vir 5-ster gradering.

- Die “BGP” (Beef Genomics Program) - Vleisbees Genomiese Program

  - Die Brahman Genootskap tesame met ander beesrasse het hulle in samewerking met die LNR en tersiêre instansies, verbind tot die projek wat oor die volgende 10-jaar sal strek.

  - Die Staat het R10 miljoen per jaar oor die volgende 3-jaar vir die projek bewillig. Die projek sluit volledige prestasietoetsing op die plaas, netto voeriname en karkas-evaluering by toetssentrums en genomiese toetse vir netto voerinname en vrugbaarheid in.

  - Die 2015-seisoen neem ‘n aanvang met 120 Brahman bulle wat by toetssentrums getoets sal word.

  - Sytze was onlangs deel van ‘n LRF-afvaardiging wat Telers en wetenskaplikes in Australia besoek het om eerstehandse kennis van suksesvol geïmplementeerde genomiese programme op te doen.

- Sernick Projek

  Die Universiteit van die Vrystaat is tans besig met ‘n wetenskaplike navorsingsprogram by die Sernick Toetssentrum waarby ons 35 geregistreerde jong Brahman bulle tesame met 6 ander rasse, ingeskryf het.

Opleiding:

- Benewens die huidige normale skouprogramme het Telers positief gereageer op die keuring en opleiding wat deur ons paneel van beoordelaars aangebied gaan word. Hierdie geleentheid sal optimaal bevorder word.

- Onderhewig aan finale goedkeuring ondervind ons reeds oorweldigende ondersteuning vir die ”**brand**” van goedgekeurde bulle wat op kwalifiserende ouderdom aan keuringsvereistes en rasstandaarde voldoen.

- ‘n Aantal opleidingsessies en boeredae het reeds vanjaar plaasgevind. ‘n Woord van dank aan Llewellyn en Corrie Labuschagne wat ‘n suksesvolle werkswinkel op 9 en 10 Junie te Letsitele aanbied. Ongeveer 100 afgevaardigdes sal die werkswinkel bywoon.

- Die jaarlikse Vleisbeesskool, wat as een van die bestes ter wêreld beskou word, vind plaas vanaf 14–16 Oktober 2015 by Aldam. U word ook aangemoedig om aan die prestige “Stoetteler van die Jaar” -kompetisie deel te neem.

  Finansies en Administrasie

  Vanweë goeie administratiewe maatreëls en dissipline wat deur die Brahman Genootskap gehandhaaf word, is dit vir my aangenaam om ‘n positiewe en gesonde finansiële status te kan rapporteer.

Ten Slotte

‘n Gewaardeerde woord van dank aan al die Raadslede en Personeel vir u toewyding en entoesiasme aan die Ras en ons Lede.

‘n Persoonlike woord van dank aan Piet Lüneburg wat besluit het om uit die Raad te tree na sy termyn verstryk in Augustus. Piet dien op die Raad sedert 7 Desember 2011 en het ‘n bepalende positiewe rol gespeel in die stabilisering van die Genootskap in moeilike tye insluitende ‘n leidende rol as waarnemende President gedurende 2012. Sy kennis en ondervinding word hoog waardeer.

‘n Spesiale woord van dank aan Telers en Klubs wat die afgelope inligtingsessies (“road shows”) aangebied en geborg het. Baie dankie ook aan Telers wat moeite gedoen het om die geleenthede by te woon.

Ek nooi u vriendelik uit om my persoonlik, enige Raadslid of Brahman personeel te kontak indien u verdere inligting of duidelikheid ten opsigte van die beplande projekte verlang.

Ek sien uit daarna om u by die Algemene Jaarvergadering op 27 Augustus om 14:00 in Pretoria te sien.

Brahman Groete

Wessel Hattingh